# Nkandla-verslag kragtens dié wet geheim gehou

**James-Brent Styan**

**Wat sê jy?**
Stuur 'n SMS na **45571**

Kaapstad. – Die departement van openbare werke wil nie hê sy voorlopige verslag oor sy ondersoek na die Nkandla-bouwerk moet aan die parlement voorgelê word tydens 'n openbare sitting nie weens die Wet op Nasionale Sleutelpunte.

Die departement het gesê die verslag is gereed.

Jeremy Cronin, adjunkminister van openbare werke, het gister gesê die departement sal die verslag nie in die openbaar kan voorlê nie omdat dit strydig met die Wet op Nasionale Sleutelpunte sal wees.

"Ons kan die wet nie oortree nie. Ons voorsien dat die beste pad vorentoe is om 'n spesiale veelpartykomitee met die nodige sekerheidsklaring te kry om die verslag na te gaan. Agter geslote deure."

Die regering gebruik dié wet van die apartheidstyd al die laaste paar maande om inligting oor bouwerk aan pres. Jacob Zuma se private Nkandla-woning te verswyg.

Cronin self het hom in Februarie daaroor uitgespreek en gesê die Wet op Nasionale Sleutelpunte is "waarskynlik ongrondwetlik" en moet hersien word. Die wet bestaan egter wel en die departement kan die wet nie oortree nie.

Thulas Nxesi, minister van openbare werke, het vroeër ook gesê 'n geslote komitee is nodig.

Die DA het gesê die voorstel is nie aanvaarbaar nie en het die speaker van die Nasionale Vergadering gevra om te verseker dat die verslag op 'n oop vergadering bespreek word.

Anchen Dreyer, DA-LP, het gesê die departement gebruik die ou wetgewing as 'n vyeblaar om die president se skande weg te steek.

"Dis die president se private huis en dis R206 miljoen van belastingbetalers se geld wat gebruik is om die plek te bou. Die publiek het die reg om te weet wat in die ondersoek bevind is."

Cronin het gesê in die departement se ondersoek is net gekyk na "bouwerk-kwessies" betreffende die Nkandla-projek en. "Dit sluit in die koste van die bouwerk, hoe die tenders gehanteer is en of die departement te veel betaal het of nie." Breë kwessies het nie aandag gekry nie. "Die spesifikasies vir die bouwerk, byvoorbeeld. Waarom goed aangevra is. Dié aspekte is nie die departement se gebied nie, maar val eerder in die veiligheidsarena."